LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 31/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Genade is God se guns

Baie van ons kan eerlik ons foute erken. Ek weet ek het miskien 'n kort humeur, probeer daaraan werk. Ek weet ek gebruik soms vuil taal, drink soms miskien so ietsie te veel. Daar is egter 'n sonde wat baie van ons moeilik erken, dit is hoogmoedigheid. Ons lees in Spreuke 6:16, "Die Here haat ses dinge, nee, daar is sewe waarvan Hy 'n afsku het: oë wat straal van hoogmoed, …." Salomo skryf heel bo aan God se lysie van dinge wat hy haat, hoogmoed. Mense wat hulself beter ag as ander. Kan die rede daarvoor wees dat ons almal God se skepsels is, God het ons almal aanmekaar geweef. Wie is ek om te sê, God het nie so goeie werk met hierdie of daardie persoon gedoen nie. Hoe kan ons neersien op dit wat God gemaak het? Petrus skryf in 1 Petrus 5:5 -6, "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het." In my hart weet ek God is besig om vir Sy kinders plek voor te berei in die hemel. Wanneer ek hierdie lees besef ek God sê vir ons, wees nederig moenie bekommerd wees nie, ek het vir jou 'n spesiale plek in die Hemel, hou net jou voete plat op die aarde, dien My en jou mede-gelowiges en wanneer die tyd reg is sal ek saam met Hom in die hemel wees. Vir hoogmoed is daar egter nie plek in die hemel nie.

## Goegieland

Hier volg 'n paar belangrike reëlings en datums om dop te hou:

- **Ouer sussies en boeties wat kleuters soggens bring.**
  Wanneer ouer boeties of sussies kleuters soggens skool toe bring, moet hulle die kleuters asseblief dadelik oggendwagklas toe neem en nie op die laerskoolterrein rondhang nie. Neem asseblief kennis: die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir beserings van kleuters wat op die laerskoolterrein mag plaasvind nie. Daar is geen personeel aan diens op die laerskool terrein voor 07:00 nie.
- **Drinkbottels**
  Geen oopskroefbottels word toegelaat nie – dit mors te maklik. Gebruik asseblief net drinkbottels met spuitproppe. Geen gaskoeldrank word toegelaat nie.
- **Graad R Gradeplegtigheid-foto's**
  Bestellings sluit op 30 September 2025. Maak asseblief seker u bestel betyds om teleurstelling te voorkom.
- **Skool sluit vir die kwartaal**
  Die skool sluit op Vrydag, 3 Oktober 2025 om 11:00 vir die vakansie.
- **24 September 2025 - Vakansiedag**
  Let wel: Donderdag, 25 September en Vrydag, 26 September is gewone skooldae.
- **3 Oktober 2025 - Insektedag**
  Alle kleuterskoolmaats mag dié dag aantrek soos enige insek – gebruik jou kreatiwiteit! Onthou asseblief dat ons pretdae nie veronderstel is om u geld te kos nie.

Groete uit Goegieland

## Revue

Hop Hop... Nee nie Spinnekop, maar Hop Hop AFRIKAANS MET SKOP... is amper op die planke! Dagboek die datums...30 September 2025 en 1 Oktober 2025 te Kruik! Dis 1,2,3 en jy koop 'n kaartjie vir die nostalgiese aand. Volg net die skakel en dan sien Goedehoop se dans guru's jou daar!! Geen kontant word aanvaar by die voogde. Opskud tyd raak min!







## Week se Program

### 22 September 2025

- **Krieket vs LS Standerton o/9 (Weg)**
- **Tennis Gert Sibande Finaal**

### 26 & 27 September 2025

- **Hokkie Top 12 Uitspele o/12S**

# Dankbaarheid

Hierdie week is ons dankbaar vir God wat so mooi vir ons sorg. Dis lente en al die diere, voëls en plante begin weer sigbaar word.

# Einde van Kwartaal

Die kwartaal is amper op sy einde en ons besef ons moet net nog so twee weke hard werk voor ons vir 'n kort tydjie kan rus. Dit is belangrik dat ons mooi na mekaar sal kyk in die laaste twee weke. Ons besef wanneer ons moeg raak, raak die geduld maar bietjie minder en hanteer ons mekaar nie altyd soos ons moet nie. Ons moet gesels met mekaar en met ons kinders praat sodat hulle mekaar goed sal behandel.

# Hokkie MPU Uitspele

Baie geluk aan hierdie o/12-kromstokke wat deurdring na die Mpumalanga uitspele. Hierdie seuns gaan die naweek van 26 & 27 September 2025 in Nelspruit aan die uitspele deelneem. Ons is baie trots op julle!




Goedehoop spog dié jaar met 2 spanne wat deurdring na die Top 12 Uitspele, die o/12-dogters en -seuns.
o/12-dogters speel 19 & 20 September 2025
o/12-seuns speel 26 & 27 September 2025

Baie geluk. Gaan hou Goedehoop Hokkie se naam hoog!

# Hokkieliga

Die hokkieseuns het 15 en 16 September 2025 hul laaste ligawedstryde teen TP Stratten Primary gespeel. Die uitslae is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| o/10 | Verloor | 6 - 1 |
| o/11 | Wen | 4 - 2 |
| o/12 | Verloor | 2 - 1 |
| o/13 | Verloor | 5 - 0 |

Speler van die Wedstryd

| | | |
|---|---|---|
| o/10 | - | William Schwab |
| o/11 | - | Christiaan Hartzer |
| o/12 | - | Jayden van Aswegen |
| o/13 | - | Jacobus Louwrens |














# Krieket

Die o/9-krieketspan het op Maandag, 15 September 2025 teen LS Trichardt gespeel. Hulle verloor met 8 paaltjies. Die o/10- tot 13-spanne het hierdie week kragte gemeet teen Laerskool Kragbron in hul ligawedstryde. Die o/10's verloor met 6 paaltjies en die o/11's wen met 6 lopies. Die o/12-krieketspan wen met 134 lopies, CJ Meyer slaan 103 lopies van 47 balle nie uit nie. Die o/13's verloor met 3 paaltjies.







| 22 Sept | 23 Sept | 24 Sept | 25 Sept | 26 Sept | 27 Sept | 28 Sept |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Lienka du Plessis<br>Renesmé Groenewald | Olivia Coleman<br>Zoe-Jane Steyn | Hayley Louw<br>Philip Cloete<br>Nelmari Botha | Tilian Nieuwoudt<br>Zani Venter | Micah Borstlap | Christiaan vd Sandt | Amê Deetlefs<br>Xander Vermaak<br>Arlie J v Rensburg<br>Jacobus Joubert<br>Hencko Kriel<br>Alwyn J v Rensburg |

## Tennis

Goedehoop se tennissterre speel op Maandag, 22 September 2025 in die Gert Sibande Finale Uitspele. Hulle gaan uitspeel vir 1ste en 2de plekke. Baie sterkte!

**Dogterspan:**
Renesmé Becker,
Chaelyn Amsterdam
Kaley Knoetze
Lianke Luwes

**Seunspan:**
CJ Meyer
Sebastian Stratford
HW Meyer
Hanno Luwes
Stephan Koekemoer.




























LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal







# Die Skakel

## Warrior Princesses & Friends

